



Sport

UP-vroue-sewessspan wen toernooi

Wilhelm de Swardt

Delta Drone Tuks se vroue-sewesrugbyspan het hul oorwonne status in plaaslike wedstryde die afgelope naweek behou deur die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi te wen.

Dit is die derde keer in vyf jaar wat Tuks die toernooi wen en die span het in 2015 laas 'n seweswedstryd in Suid-Afrika verloor. In Saterdag se eindstryd by Wits het Tuks met die Universiteit van Fort Hare afgereken. Die telling was 33-7.

Die Tukkies het van die eerste afskop oorheers. In sy ses wedstryde is 264 punte aangeteken terwyl net 19 punte afgestaan is. Libbie Janse van Rensburg (kaptein) was oudergewoonte briljant en is welverdiend as die speler van die toernooi aangewys.

Soos altyd was Janse van Rensburg huiwerig om oor haar vertonings te praat en het daarop gewys dat sy net so goed kan wees as wat haar spanmaats haar toelaat om te wees.

"Sewesrugby is 'n spansport. Dit beteken enige span is net so goed soos sy swakste speler. Ek is meer opgewonde oor hoe ons as 'n span saam gespeel het, veral as in ag geneem word dat baie van die



Delta Drone Tuks se vroue-sewesrugbyspan het die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi gewen.

spelers nou maar eers vir 'n paar maande rugby speel. Ek en Kemi Baloyi is die enigste spelers wat aan die vorige Universiteite-toernooi deelgeneem het.

"Na mate die spelers se selfvertroue toeneem het, het ons al hoe beter begin speel. Ek was ver-

al beïndruk met Liske Lategan en Cinanda Potgieter se spel."

Riaan van der Merwe (afrigter) het op sy beurt Baloyi geloof vir haar dodelike verdediging.

"Shania-Lee Swart kan ook tevrede voel. Dit was moeilik om te glo dat dit maar die eerste keer is

wat sy aan 'n toernooi van dié aard deelneem. Wat my opgewonde oor haar spel gemaak het, is die wyse waarop sy daartoe in staat was om telkens die rigting van die spel te verander. Deur dit te doen het sy deurgaans ons teenstanders se verdediging beproef."

Daar is 'n storie oor Swart te vertel. Rugby was nie altyd haar eerste liefde nie.

Tot verlede jaar was sy 'n kranige krieketspeler. Sy is waarskynlik op die oomblik die enigste Tukkies wat se naam in Guinness World Records verskyn.

In 2016 het sy in 'n wedstryd vir Mpumalanga 160 lopies van 80 balle in 'n T20-wedstryd gemaker. Dit was merkwaardig, maar nie die rede waarom haar naam in die rekordboek aangeteken is nie.

Nie een van haar spanmaats kon 'n enkele lopies aanteken nie. Mpumalanga is vir 169 lopies uitgebou. Die ander nege lopies was ekstras.

So, sy spog met die onderskeiding dat sy die enigste speler is wat al haar span se lopies in 'n wedstryd kon aanteken.

Terloops, Mpumalanga het die wedstryd teen Noord-Kaap met 41 lopies gewen. Swart het twee paaltjies met haar goëlballe ingeoes.

Daar wag 'n besige tydjie op die Delta Drone Tuks-vroue-sewes-span.

Aanstaande maand gaan hulle aan die Stanislas 7's (19-20 Mei) en die Centrale 7's (22-23 Mei) in Frankryk deelneem. Daarna vertrek hulle na Spanje vir die Benidorm 7's (26-27 Mei).